

Hoofstuk van die dag: Johannes 16

Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig. (vers 13)

Hoe dink jy oor die werk van die Gees in jou lewe?
Jesus sê die Gees kom om ons in die hele waarheid te lei deurdat Hy dít wat Hy van Jesus en die Vader ontvang, aan ons meedeel, en ons daaraan herinner en dit vir ons verduidelik. Juis daarin verheerlik Hy Jesus. Wat die Gees van God in ons lewens doen, is om ons oë, ons gedagtes, ons harte te fokus op Jesus en op wat Hy gesê en gedoen het, om ons te help om dit te verstaan, om Jesus as ons Heer en Heiland te bely, sodat Hy waarlik Here van ons lewens sal wees.
As die Gees in jou lewe vaardig word, word jy aan Jesus vasgebind. Jy word ’n Jesus-dissipel. Jesus word jou Here en Hy word in jou en deur jou verheerlik.
Die Gees het gekom om Jesus Here in ons lewens te maak. Kom ons volg Hom dan met oorgawe!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026